# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**Augustus 2019**
Jaargang 35 Nr 3



## Volharding

# Inhoudsopgawe

**1.** Brief van die Redaksie

**2.** Rasieleiers

- Christus ons hoof- Neville Boy
- Gelowiges en deursetting vermoë – Ansie De Beer
- Volharding- Louis Esterhuizen
- Dankbaarheid- Rina JV Rensburg
- Waak , staan vas - Gerard Schuring

**3.** **Nuus uit die skare**

Verjaarsdae
Dinosourusse en die Bybel- Pieter le Roux
Totsiens Ds. Laufs

- **In Herinnering**

Hannes Coetzee
Fransie Erasmus

- Diakonie

**4.** Feesvieringe

- Hasie en Skilpad
- Grappies op 'n stokkie

**5.** Vier die oorwinning

- Skilpad kuns
- Haaspastei – Bernadine Nel

**6.** Advertensie

- Lente hoop

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Brief van die Redaksie**

**Volharding**

Die derde kwartaal  van elke jaar is waar almal se batterye pap word en dit voel of daar net te veel dinge gebeur teen ’n baie hoë spoed. Daarom dan ook die tema *volharding.*  Wanneer ons moeg is en net wil opgee het ons rasieleiers (Cheerleaders) nodig om ons te help deurdruk. Hoe wonderlik is dit nie van God dat HY vir ons mekaar gegee het om in moeilike situasies mekaar aan te moedig nie. Hy het elke een van ons spesiaal gemaak met die regte eienskappe om op die regte tye vir ander ’n voorbeeld te wees of te bemoedig.

Soms wanneer dit moeilik gaan met ons en slegte dinge met ons gebeur dan verstaan ons nie waarom nie. Dit is die toets. Ons moet dit deurstaan en wanneer ons dit oorwin het dan kan ons ander bemoedig.  Ds. Gerhard Janse Van Rensburg sê altyd dat hy gemeentelede wat deur ’n slegte ervaring gaan, herinner dat hul gereed moet wees,  hy gaan hulle kontak om ander te bemoedig wat deur soortgelyke ervarings is.( 2 Korintiërs 1:3-5)

Dit is dan ook  baie kosbaar dat ons ’n paar artikels uit die gemeente gekry het om ons te bemoedig. Dit is hoekom ons as ’n eenheid moet funksioneer. Ons het mekaar nodig.

Die wat al ’n lang wedloop gehardloop het, sal vir jou sê dat daar altyd iewers ’n opdraande of ’n moeilike deel is in hierdie wedloop waar hul gevoel het hul kan nie meer nie. In daardie tye is dit ander se aanmoediging of gedagtes aan ander wat hul ondersteun wat hierdie atleet dikwels weer aanvuur om verder te gaan.

In ons lewe is die opdraandes dikwels dinge soos siektes, geldelike probleme, rampe, werksverlies, moegheid, huweliksprobleme, kinders se probleme. Hierdie goed kom so herhaaldelik en dikwels voel dit of dit nie net ’n opdraande is nie, maar ’n *on uitklim bare berg.* Paulus herinner ons dan om na die geloof reuse te kyk.  Wanneer ons hulle bestudeer sien ons dat hul in



hierdie sielestryd  net een ding gedoen het. En dit is om op GOD te fokus.  Hoe het hulle dit gedoen as al wat mens op kan fokus die probleem is? As ons na Dawid kyk het hy nie op die probleem gefokus maar op God. Dit beteken vir my die volgende: Sien God se goedheid raak in die situasie. Dank God vir jou omstandighede en dat dit ’n geleentheid is om Hom te prys en Sy lig te laat skyn.  Kyk om jou en begin God te loof vir alles wat jy sien wat HY elke dag doen. Ek meen die feit dat jy nog asemhaal  sê mos dat die God wat besluit oor lewe en dood , nog nie klaar is met jou nie. Die feit dat die son weer vanoggend opgekom het bewys God se groot genade oor hierdie Goddelose wêreld. Dat HY steeds ons laat bly bestaan ten spyte van ’n wêreld wat elke dag sy bestaan ontken.  Kyk rondom jou en sien hoe God ander in jou lewe geplaas het by wie jy kan leer. Kyk na ander wat ook deur moeilike goed gaan en hul troos by God kry. Volg hul. Leer by hulle. Die enigste fout wat ons kan maak in ons geloof is om OP TE GEE. Hierdie Ramshoring is dus vol met bemoedigende boodskappe wat op die tema van Hasie en Skilpad gebou is. Hasie het die vinnige wedloop gehardloop, al die mooi misgekyk, sy aandag deur die verleidinge van die wêreld laat aftrek. Skilpad het gefokus. Stadig maar seker het hy beweeg. Sy ore gesluit vir die negatiewe stemme van die wat hom wil ontmoedig. In sy reis het hy die mooi gesien van die son in die lug die blomme en die bome. Omdat hy nie so haastig was nie het hy baie tyd gehad om te dink oor die lewe en dankbaar te wees. Hy kon die getjirp van die voëltjies hoor . Ons lewe in  ’n haastige Hasie lewe waar alles vinnig gebeur en ons mis die dinge waaroor die lewe werklik gaan.  Soms moet ons geduldig wees om die deurbrake te kry wat ons graag wil hê . Volharding en geduld loop hand aan hand. In hierdie uitgawe neem ons afskeid van Ds. Laufs en Ronel. Ons het ’n spesiale biografie artikel oor Ds. Laufs se loopbaan.  Op die 14de September kom Pieter le Roux met ons praat oor Dinosourusse in die Bybel. Dit is ’n gemeente aksie en ons vra almal om jou vriende te nooi en dit te kom ondersteun.

Redaksioneel

Daleen Venter

# Rasieleiers






**Christus ons Hoof versoen ons met ons Hemelse Vader**

**KOLOSSENSE 1: 15 – 20**

**Kolossense 1: 16**

**Neville Boy**

In Genesis 1 kom dit so duidelik na vore hoe God Drie Enig betrokke was by die Skepping. Die vader het geskep deur die Woord, dit is Sy Seun. Dit was die Gees van God wat gesweef het oor die aarde wat woes en leeg was. Hier in Kolossense 1 kry ons een gedeelte wat leer hoedat die Seun betrokke was by die skepping.

Hierdie gedeelte beskryf aan ons wie die Seun is en wat Hy vir ons beteken. Hy is die beeld van God sê vers 15: As jy die Seun sien dan sien jy die Vader. Dit is soos kinders wat soos hulle ouers lyk. Jy kan die ouer raaksien in die kind. Nie net in die gelaatstrekke nie, maar ook in die maniërismes en alles wat die kind doen.


Vers 16 leer ons dat dit deur Hom is wat alles geskep is. Die sigbare en die onsigbare dinge. Dit wil ons leer dat alles deur God tot stand gekom het. Alles deur Hom en vir Hom geskep. Hy is in beheer en beheer dit nou nog, en sal tot in ewigheid.

Daarom is dit vir ons wonderlik om te besef hoedat Jesus Christus bereid was om sy lewe af te lê vir hierdie skepping wat Syne is sodat dit nie verlore sal gaan nie, maar dat Hy aan sy uitverkorenes die ewige lewe kan skenk.

Dit gee aan die kinders van God 'n rustigheid, 'n vrede wat slegs deur die Gees van God in ons bewerkstellig kan word. Dit is 'n versekering dat ons veilig behoue bly in die hand van God. Hy

staan ons by en skenk ons lewe.  Hy laat ons nie alleen nie, maar lei ons op ons lewenspad elke dag.  Dit is bewerkstellig deur die verlossende werk van ons Here, Jesus Christus.

In elke omstandigheid waar jy jouself mag bevind weet dat God jou bystaan ek krag gee om as oorwinnaar uit die stryd te tree deur jou Here, Jesus Christus.  Dit gee jou die motivering om te volhard in jou geloofstryd ten spyte van beproewings wat oor jou pad kom.  Dit gee jou die versekering dat jy nie alleen staan nie, maar dat God jou elke oomblik by is en dat jy uiteindelik as oorwinnaar uit die stryd tree.





# Gelowiges en deursetting vermoë

**Ansie De Beer**

Ons almal ken moedeloosheid. Die gevoel van, ek kan nie meer nie. Ek weet nie meer watter kant toe nie. Waar gaan alles eindig?

Maar ons as gelowiges mag ons nie aan hierdie moedeloosheid oorgee nie. Ons is immers geredde mense. Ons kan troos vind dat Sy Seun hier op aarde ook daardie emosies ervaar het, maar wat het Hy daaromtrent gedoen. Hy het gebid, ja terwyl die doodsangs Hom oorval het het Hy gebid.

Ps 46:2 se: God is n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoe mate beproef.

Ps 34:8 se: Die Engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.

Ons as gelowiges moet deursettingsvermoë aan die dag lê. Hoe anders sal ons krag hê om die wedloop te voltooi? Ons krag put ons deur vas te staan in ons Ewige Rots. Ons moet bly vertrou en in gehoorsaamheid aan die Woord leef en weet, ja dit is ‘n vaste wete, dat God almagtig is en groter is as ons vertwyfeling en wanhoop. Dat hy gegaan het om vir ons ‘n plek te berei.

Daar wag ‘n nuwe Jerusalem vir ons! En as ons dit weer in perspektief kan sien lyk ons daaglikse probleme en onsekerhede nie meer onoorkomelik nie, ja, dan kan ons weer vasbyt.

Sterkte mede gelowiges. Mag God ons genade gee om end uit te volhard.



# Volharding

**Louis Esterhuizen**

Dit is iets so eie aan die mens soos asemhaal maar beslis nie so maklik nie.

Volharding , vasbyt,  deursetting vermoë noem dit wat jy wil die feit is dat ons as mense dit so nodig het as die voedsel wat ons daagliks neem as ons 'n sukses van enige iets wil maak.

Voorbeelde hiervan is Legio. Dink net aan die helde van die Bybel waarvan die geval van Abraham wat sy seun op die altaar moes gaan offer. Hoeveel volharding moes dit nie gekos het om daardie daad uit te voer  met geen idee dat God hom sal te hulp kom.  Sy eie seun...

Ons dink aan Job, Daniël, Josef  om net 'n paar reuse- in die genade van volharding te noem.

Ook in die moderne lewe van mense soos Helen Keller wat doofstom en blind was en a.g.v. die deursetting vermoë van haar helper 'n hoogs geleerde en gerespekteerde persoon geword het.

Hoeveel ander voorbeelde is daar nie van mense wat sonder arms of bene die wonderlikste kunswerke kan verrig nie, of met vasbyt maratons kan baasraak?

Het Paulus nie gesê hy kyk vorentoe om die krans van Jesus te ontvang want hy hardloop om die wedloop te voltooi?  En was dit nie die Here self wat gesê het as ons volhard tot die einde toe ons die ewige lewe ontvang nie?



Is dit dan nie juis ook een van die grootste probleme wat die mens van vandag stry nie? Alles is mos kits van koffie tot by geleerdheid. Dis ook so maklik om maar net te google. En op facebook en YouTube kry jy al die geselskap informasie en vermaak wat jy nodig het. Selfs jou kinders jou grootste plig kan maar alles op die internet bekom. Dan is daar mos nie veel volharding wat benodig word nie? Hoe dwaas kan ons nie wees nie om die gesonde lewe vir ons en ons kinders  te verruil vir die bose ongesonde sieldodende lewenstyl van vandag nie? Dit alles om die volharding die lewensbron van sukses te kan omseil met die sogenaamde tegnologie. Geen wonder die mens word al hoe meer soos 'n robot gekloon omdat God se waardes soos volharding nie meer in ons lewens toegepas word nie. En wanneer ons swik is dit mos die Here self wat ons deurdra.

Komaan!



# Dankbaarheid dra jou oor die wenstreep

***Rina Janse Van Rensburg***

*Suster Wilma Du Toit het die volgende stukkie ingestuur wat deur haar suster, Rina Janse Van Rensburg geskryf is. Rina het in Desember ‘n beroerte gehad en is steeds besig om te herstel.*

“Was Maandag vir my ondersoek by Garankua Hospitaal, 2 uur opgestaan, half 4 gery, half 5 daar opgedaag. Baie ingenome- was 3 de daar, sal seker nie vandag so lank wag nie het ek gedink Maar almal wat ná my gekom het word geroep, 10 uur eers my leër opgespoor, dit was die 4de keer wat dit gebeur, enige iemand sou moedeloos geword het! Ek was in trane, ek het my kop laat sak, onbedaarlik begin huil, my trane het vrylik begin vloei, woedend en teleurgesteld, ek het vanoggend so positief en vol moed hier opgedaag. Ek meen wragtig, die 4de keer!! Na 'n ruk het ek bedaar, oë dik gehuil, woede plek gemaak vir diep selfbejammering oor die posisie waarin ek my bevind, en skielik is dit asof iemand vir my sê: kyk om jou!! Ek het om my gekyk, 'n hele saal was tjok en blok vol siek mense, almal ewe moedeloos gewag, almal siek, almal soek hulp net soos ek, wat is ek beter as hulle? Die vrou langs my hang vooroor op die bank, as sy regop sit wil sy braak, op die een hoek sit 'n ou man met 'n kierie, sy een been is baie dik geswel, met 'n handgemaakte kierie en baie moeite het hy tot hier gekom, voor my sit 'n vrou, sy’t 'n groot knop langs haar keel, sukkel om te sluk, nog verder op die ry hang nog nog 'n vrou skeef oor die bank. Net daar voel ek sooo skuldig- wat is ek beter as hierdie arme mense?! Ek het soveel om voor dankbaar te wees! Voor ons by die hospitaal in is het ek buite 'n Hibiskus struik gesien, vol in blom, die pragtigste pienk blomme. Ek het 'n hele arm vol blomme gepluk, vir elkeen in my ry 'n blommetjie gegee uit die diepte van my



hart en die dankbaarheid en verbasing op elkeen van daardie mense se gesigte sal my seker altyd bybly! Net daar het ek weer op my plek gaan sit, my kop laat sak, die trane weer vry laat vloei, hierdie keer nie uit moedeloosheid, woede of selfbejammering nie maar uit dankbaarheid, dankbaar vir wat ek nog het en dankbaar vir die voorreg om nog iets in iemand se lewe te kan doen om hulle beter te laat voel. Ek het nederig vir my skepper om verskoning gevra, gebid dat Hy vandag by ieder en elk van hierdie mense sal wees en hulle mildelik seen met sy goedheid, want ek weet ek is vir Hom net so spesiaal soos al hierdie arme siek mense om my. Iemand daar agter begin die Onse Vader in Tswana sing, almal sing hartlik saam, ek sing saggies in Afrikaans saam. Die trane en moedeloosheid het plek gemaak vir dankbaarheid, ek voel gelukkig, ek voel onbeskryflik geseënd. Rina



## WAAK, STAAN VAS, WEES MANLIK, WEES STERK IN DIE HERE

**Gerard Schuring**

Die redaksie vra bydraes oor *volharding*. Volharding is om vol te hou tot die einddoel, die wenstreep, bereik is. Ons einddoel is om God lief te hê met ons hele bestaan en ons naaste soos onsself.

In 1 Kor. 9:24-27 dink Paulus aan die atlete wat in ’n Griekse stadion aan ’n wedloop deelneem met net een doel voor oë: om die lourier-krans te wen. Hebr. 12:1-2 sê dat die atlete van elke las ontslae geraak het en met volharding die wedloop loop. Geen klere hinder hulle nie, geen sonde wat ons so maklik aankleef nie. Die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Die Griekse boksers se instelling is dieselfde. Hulle het geen draad klere aan nie en wil nie in die lug slaan nie, maar raak slaan. Hulle is doelgerig. Dit herinner aan die opdrag om te volhard in 1 Kor. 16:13-14: *1. Waak, 2. staan vas in die geloof, 3. wees manlik, wees sterk. 4. Laat alles by julle in liefde geskied*.



***1. Waak!*** Die opdrag "Waak!" klink gedurig op in die Nuwe Testament. Die ouderlinge en ander mans in die gemeentes in Korinte, Efese, Thessalonika, Sardis en Rome moet waak en daarom ook die broeders van elke gemeente vandag. As die Bybel van broeders praat, dan is die hele gesin, vrou en kinders (en vroeër ook nog slawe) ingesluit. Sy moet hom help en hy moet haar lei in die stryd teen die sonde.



Die broeders moet aanhoudend waak teen hulle neiging om aan die slaap te raak, teen valse christusse en valse profete, teen wolwe in skaapsklere, binne en buite die gemeente, teen die bose geeste in die lug, teen die duiwel wat rondgaan soos 'n brullende leeu. As hulle nie waak nie, sal hulle in die skande kom en die toorn van die Huisheer oproep wanneer Hy onverwags verskyn in hierdie lewe en finaal by die wederkoms. *Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn* (Ef. 5:14).

***2. Staan vas in die geloof!*** Die broeders moet saam, een van siel en een van gees, stry vir die geloof in die Evangelie en hulle nie laat afskrik deur teëstanders nie. Elke Sondag, dus met volharding, bely ons die twaalf artikels van die geloof. Almal beantwoord dit met Amen! in die hart en met ’n lied op die lippe. Almal, broeders en susters, beloof daarmee om volhardend vas te hou aan die Here, aan sy Woord en aan sy beloftes.

***3. Wees manlik! wees sterk!*** Hierdie Griekse werkwoord-paar in 1 Kor. 16:13 is ’n vertaling van ‘n Hebreeuse werkwoord-paar wat 14 keer in die Ou Testament voorkom, soos byvoorbeeld in Deut 31:7: *Wees sterk, wees dapper!* Die uitdrukking gaan ses keer saam met 'n verwante woord-paar in die negatief, Josa 1:9: *Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie.* In Jes. 35:3 is die woordpaar uitgebrei met *slap hande* en *struike-lende knieë*: Versterk *die slap hande* en maak vas *die struikelende knieë* (vgl Hebr12:12-13).



Om manlik en sterk te wees is om moed te hou in die dag van stryd en *krag te put uit die verbondsbeloftes van God.* Efes 6:10 sê: *Vind jou*

*sterkte in die Here en in sy geweldige krag.* Die opdrag om sterk en vol moed te wees is onder meer gerig

- aan Josua en sy aanvoerders en krygsmanne in hulle stryd teen die Kanaäniete. Josua moet steeds onthou dat die Here beloof het om die land te gee as hy die wet nakom en oordink (Deut 3:28; 31:6, 7, 23; Jos 1:6, 7, 9, 18; 10:25).
- aan die jong Salomo met die groot taak om die tempel te bou en die volk te lei. Sy krag is die belofte dat hy die tempel sal bou as hy die wet onderhou (1 Kron. 22:13; 28:20).
- aan hulle wat nog nie ten bloede toe teen die sonde gestry het nie. Hulle moenie beswyk as die Here hulle tug uit liefde nie, maar weet dat dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid sal oplewer (Hebr. 12:4, 12).

***4. Laat alles by julle in liefde geskied*** volg direk op om manlik en sterk te wees. Die Bybel vra nie vir boelies en diktators nie. Die liefde in 1 Kor. 16:14 verwys terug na die lied van die liefde in hoofstuk 13. Sonder liefde help al die waak, geloof, manlikheid en krag niks nie.

Liefde is nie heeldag versuikerde *vrede vrede* nie, *liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die HERE* (Hoogl. 8:5). God is liefde én 'n verterende vuur. As Herder dra Jesus Christus 'n stok en 'n staf. Sy stok is 'n yster knopkierie waarmee Hy die vyande soos kleipotte verpletter (Ps 2:9) en sy staf 'n kromstaf waarmee hy die ooie saggies lei, terwyl Hy die lammertjies teen sy bors dra (Jes. 40:11). Deur sy Woord en Gees skep God lydsaamheid = volharding, hoop en liefde in die hart (Rom 5:3-5) om satan en sy valse leer te haat (Openb. 2:6) en om mekaar vurig lief te hê (1 Pert 1:22-23).



# Nuus uit die skare



# Gemeente nuus

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Peet du Plessis** - 91 jaar – **28 Augustus** – 065 568 2593 Wyk Boschfontein.
- **Pieter Steyn** 82 jaar – **13 November** - 082 871 0677 Wyk Faunapark
- **Boet De Wet** – 85 jaar – **16 Oktober** - 083 390 8149 Wyk Koedoeskop
- **Midge Van Heerden** – 85 jaar- **12 September** -082 615 0332 Wyk Marakeli
- **Lou Du Plessis** - 80 jaar- **21 Julie** - 0835047781 - Wyk Pionierspark
- **Anna Venter** 89 jaar – **18 September –** 0727871518 – Wyk Pionierspark
- **Petrus Smit** 82 jaar – **27 Augustus** – 0834699287 – Wyk Swartklip
- **Lenie Grobler** 86 jaar – **09 September** – 0633733641 – Wyk Tambotie- Oos
- **Florence Van Dyk** 83 jaar- **06 November** – 0736645319 – Tambotie- Wes





# About Pieter le Roux



Raised in a traditional Afrikaner home with the Bible at the centre of his upbringing, Pieter first\encountered evolutionary teaching at university. For a time, he was swayed in a direction towards theistic evolution, but while pursuing his BSc (Hons) he was exposed to creation literature which renewed his confidence in the historicity of the Genesis account of creation.

Pieter's passion and enthusiasm to communicate the truth of God's Word, makes him a dynamic & engaging speaker who loves working with young people. His strong desire to share this message with others is clear in every presentation, encouraging them to know that they may have full confidence in God's Word, growing in grace and in the knowledge of Jesus Christ.

Saturday 14 September 2019

Gereformeerde Kerk

Cnr Frikkie Meyer and Knoppiesdoorn Avenue, **Thabazimbi, Limpopo**

9:00am

Genesis: Fondasie van die Evangelie

10:00am

Dinosourusse en die Bybel

11:00am

Waar kom die verskillende 'rasse' vandaan?

# Totsiens



***Laat, HEER, u seën op hul daal, u guns uit Sion hul bestraal! U wat beveel en - dit geskied, wil, HEER, u seën oor hul gebied!***



## Afskeidswoorde aan Ds. Laufs

Die Kerkraad en gemeente van Thabazimbi wil graag by wyse van hierdie skrywe vir Ds Dirk Laufs bedank vir die tyd wat hy hier in die gemeente van Thabazimbi uitgehelp het. Oor 'n tydperk van 14 jaar was hy bereidwillig om in te staan en te preek as die predikant of predikante met verlof was. Hy het siekebesoek gedoen, begrafnisse gehou, doop bedien en eredienste op al drie bedieningspunte van hierdie gemeente behartig. Hy het ook 'n hele paar mense van hierdie gemeente in die huwelik bevestig. Hy het diep in die hart van die gemeente ingeklim.

Ons dink aan hom ook in hierdie laaste klompie jare waarin hy Tannie Ronel bygestaan het met haar siekte (kanker). Hy moes haar van plek tot plek neem, en haar ondersteun terwyl sy in die hospitaal was of behandeling moes ontvang. Hy was die heel tyd aan haar sy. Daar lê nog 'n pad vir hulle in hierdie opsig voor en ons bid hulle krag en sterkte toe op hierdie pad wat nog nie klaar is nie.

Ds. Dirk hiermee ons as Kerkraad en gemeente se opregte dank vir al die jare se uithelp en opoffering vir hierdie gemeente. Soms in moeilike omstandighede het u ons gehelp en bygestaan. Ons almal bid u en sr. Ronel die krag van die Here toe in hierdie tyd wat vir julle voorlê. 'n Nuwe fase in julle lewe, maar ook 'n fase waar die Here julle sal gebruik in Sy Koninkryk om die Evangelie verder te versprei. In die woorde van die Hebreër skrywer groet ons u: "… en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof." (Hebreërs 12: 1 – 2)

## Liewe mede-gelowiges

Nadat ons vyftien heerlike jare op KWAGGASVLAKTE en in die Gemeente Thabazimbi deurgebring het, word ons paaie nou verder gelei...terug Potchefstroom toe. Sewe-en veertig jaar gelede is ons as jong proponent egpaar uit Potchefstroom na ons eerste gemeente Bethulie toe en nou voltooi ons as "jong bejaardes" weer die kringloop. Hierdie keer nie as twee jonges wat uitsien na die bediening wat voor ons uitstrek nie, maar as "jong" gelowiges wat steeds net so gretig uitsien na dit wat die HERE vir ons in die nuwe omgewing gaan beskik.

Ons trek datum is aanvanklik vir na die nagmaal einde Augustus bepaal maar ons het pas verneem dat vroulief op 27 Augustus by Kloof-Hospitaal aanmeld vir 'n chirurgiese proses aan die lewer om die goggas te besweer. Ons sal dus seker nou eers DV einde Septembermaand die pad vat.

Aan al ons dierbare mede broeders en susters wat ons hier agterlaat wil ons slegs die allerbeste toebid : "Mag die HERE u Sy vrede gee..."

Ds. Dirk Laufs en Ronel





# Ds. Dirk Laufs Biografie

**12 Februarie 1947 | Ds. Dirk Laufs op Potchefstroom gebore**

Ds. Dirk Laufs was tussen 1972 en sy emeritaat in 2004 predikant in ses kerke in al vier die destydse provinsies: Bethulie 1972–'75, Die Moot 1975–'76, Voortrekkerhoogte 1976–'77, Olifantshoek 1977–'82, Durban-Wes 1982–'89 en Alberton-Wes 1989–2004.

Ds. Laufs en sy tweelingsuster, Maria, was die enigste kinders van Gert Laufs en sy vrou, Maria Catharina Elizabeth Brits.

Hy het sy skoolloopbaan begin aan die Laerskool De Beer op Welverdiend en is daarna na die Hoërskool Carletonville, waar hy lid was van die eerste spanne in rugby, tennis, atletiek en krieket. Hy was vanaf 1963 leerlingraadslid en die jaar daarna hoofseun.

Aan die PU vir CHO het hy in 1967 sy B.A. verwerf en in 1971 die graad Th.B, waarna ook die Th.M. aan die PUK. Op universiteit het hy in 1966 en 1967 in die studenteraad gedien, terwyl hy in 1968 koshuisprimarius was.

Ds. G.P. Scheepers het hom op 25 Junie 1969 in die Gereformeerde kerk Thabazimbi met Petronella Jacoba (Ronél) Coetzee in die eg verbind.

Ds. Laufs se persoonlike roepings bewuswording het hom op jeugdige ouderdom reeds laat besluit om vir predikant te leer.

Hy beskryf die deurlopende ervaring van Gods genade as die hoogtepunt van sy bediening, ten spyte van die geestelike, emosionele en liggaamlike eise wat die bediening aan hom gestel het.

Vir hom was die groot uitdaging om die kerk steeds "semper reformanda" te bly hou te midde van ongeregverdigde en ongegronde sogenaamde konserwatisme. Hy som sy lewensfilosofie kortliks op as: Soli Deo Gloria.

Sy stokperdjies is leerlooiery en houtwerk, terwyl hy veral belangstel in "enigiets wat entrepreneurend die koninkryk kan en wil uitbou".

Benewens sy Th.M.-verhandeling, Die Teologiese Skool en die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902, het uit sy pen ook verskeie preke en artikels in kerklike en teologiese tydskrifte verskyn.



# *In Herinnering*

## ***Hannes Coetzee***



'n Ou inwoner en getoë Bosvelder, Hannes Coetzee (74), is Donderdagoggend in die Thabazimbi Hospitaal oorlede na 'n kort siekbed.

Hannes, inwoner van Bosveld Oord op Thabazimbi, is Maandag opgeneem nadat hy asemhalingsprobleme ondervind het. As diabeet ondervind hy reeds vir etlike jare probleme van wisselende insulienvlakke wat later ook ondermeer tot hartversaking gelei het. Hy was op geen stadium bedlêend nie en het ook nie versorging nodig gehad nie.

Hy het vir etlike jare in die aftreeoord op Rooiberg gebly terwyl hy gewag het vir behuising in Bosveld Oord. Gedurende Oktober 2018 is 'n woonstel aan hom toegeken en het hy ingetrek. Dit het kommunikasie vir hom vergemaklik en het hy nie meer nodig gehad om die lang afstande tussen Thabazimbi, wat maar eintlik sy tuiste was, en Rooiberg af te lê nie.

Hannes is op 23 Augustus 1944 in Rustenburg gebore en was die oudste van drie kinders van Meester Pieter en Hannetjie Coetzee wat as vier-jarige kleuter saam met sy ouers en 'n jonger broer, Frans (2), vanaf Elandskraal by die huidige Mooinooi, waar sy pa skoolhoof was, na Groenvlei Sentrale skool by Sentrum verhuis het waar sy ouers die pos as hoof/prinsipaal-paar van die skool in 1948 aanvaar het.

Kommervrye dae het hy op die plaasskool geniet en hy het van kleins af in teikenskiet belang gestel. Hy en wyle Andre Swart, seun van wyle oom Pieter en tannie Christie Swart van Klippan net buite Sentrum, was boesemvriende en hy en Andre het reeds op laerskool saam met die skietkommando met .303's gereeld op die Swart familieplaas gaan skyfskiet. Daardie dae was dit nog veilig dat hy, met die geweer aan die raam van sy dikwielfiets vasgemaak, die sowat 10km na Klippan op sy eie aangedurf het vir die skyfskiet sessies.

So het hy en Andre dan ook saam na hul matriekjaar in die Weermag Gimnasium buite Pretoria (dit was die jare voor diensplig) beland en was hulle ook deel van die Weermag-skietspan wat aan die jaarlikse Bisley skyfskietkompetisie, wat by Bloemfontein aangebied is, deelgeneem het. Tydens dié kompetisie het hy dan ook 'n paar toekennings ontvang.

Hannes het sy laerskool loopbaan op Groenvlei voltooi en was deel van die eerste inname van hoërskoolleerling in die huidige Koedoe Koshuis op Thabazimbi, nog voordat die hoërskool op dieselfde perseel gebou is.

Hy sou vir die res van sy hoërskoolloopbaan die kilometer of wat na die Thabazimbi Skool stap waar die twee skole as een skool op die terrein van die huidige Laerskool Thabazimbi gehuisves was. Die laerskool was hoofsaaklik in die siersteen gebou en die hoërskool in tydelike asbes klaskamers aan die westekant van die gebou.

Sy matriekeindeksamen het hy darem in 1961 in die splinternuwe hoërskool gebou op die terrein by die koshuis afgelê.

Na die jaar in die weermag het hy aanvanklik as student in elektriese ingenieurswese by Tukkies ingeskryf maar het toe oorgeslaan na 'n Nasionale Diploma Kursus in Diepruimte Kommunikasie (elektronika en radio) by die Johannesburg Kollege vir Gevorderde Onderwys. Na die verkryging van sy kwalifikasie was hy vir etlike jare werksaam by die



Diepruimte Satellietopsporing stasie by Hartbeeshoek naby Krugersdorp.

Hier was hy deel van die gekombineerde NASA/WNNR span wat die eerste maanlanding deur middel van hulle reuse- satellietskottels en 'n skamele 4MB rekenaar (wat 'n vertrek volgestaan het)-saam met ander satellietstasies, ondermeer in Australië, gemonitor het.

Gedurende sy laat twintiger-jare het hy die beroep vaarwel geroep om die steenmakery op Thabazimbi, wat sy ouers reeds sedert 1951 net buite die dorp bedryf het, oor te neem.

Die steenmakery het gedurende 1962 geskuif van die perseel by Donkerhoek, nou begrawe onder duisende afvalerts, na die plot Môredou waar sy ouers hulle sedert 1961 permanent gevestig het. Dieselfde jaar het sy pa 'n pos by die hoërskool op Thabazimbi aanvaar, toe nog net Thabazimbi Hoërskool met dr Klasie Claasen as nuwe hoof terwyl die voormalige hoof van Thabazimbi Skool, mnr. Pieter Botha, die aanstelling aanvaar het as die hoof van die nuwe Laerskool Thabazimbi.

Sy pa het toe die ou pok-tipe steenmakery opgegradeer na 'n moderne steen fabriek wat die kapasiteit met meer as 1000 persent opgestoot het. Die fabriek is op die plot Môredou, waar hulle gebly het, opgerig.

Vir die eerste keer het die huis ook munisipale krag ontvang met dieselfde bedrading wat Hannes gedoen het terwyl hy op skool was toe hy 'n kragopwekker geïnstalleer het om krag aan die huis te verskaf. Die bedrading was onveranderd goedgekeur en is eers verander toe sy ouers die opstal 'n totale vernuwing laat ondergaan het met 'n teëldak en aanbouings en wetgewing vereis het dat geen los drade, wat net met isolators op die huiskappe geheg is, in die bedrading mag voorkom nie.

Hannes het die fabriek verder gemoderniseer met verbeterde en groter steenmasjiene en snytafels asook om oor te slaan vanaf die gewone

rooi kleigrond wat gebruik is, na skallieklip wat deur ’n klipbreker gemaal is tot ’n fyn materiaal wat as klei gebruik is.

Hannes was maar ’n alleenloper en het eers op die ouderdom van 40 hom in die huwelik begeef toe hy in 1984 met Maleen Barnard getroud is. Uit die huwelik is twee kinders, Johan en Corlia gebore.

Johan en sy vrou is tans woonagtig in Amerika terwyl Corlia en haar gesin op Thabazimbi bly.

Hannes het as jong sakeman moontlikhede vir nuwe sake vinnig geïdentifiseer. So het hy dan ook Thabazimbi se eerste drukkery op die been gebring. Die drukkery is die jaar daarna deur sy jongste broer, Pieter (Kwêvoël) by hom oorgeneem, wat dan ook gelei het tot die totstandkoming van Thabazimbi se eerste gedrukte dorpskoerant.

Alhoewel nie meer betrokke by die drukkery nie, het Hannes se brein nie stilgestaan nie en was hy verantwoordelik dat die saadjie vir ’n eie koerant vir Thabazimbi geplant is. Hy het dan ook ’n aandeel gehad in die uiteindelike naam van “Kwêvoël”.

Hy het nooit opgehou met droom nie en buiten ’n projek om ’n steenmakery wat amper wil terugkeer na die ou pok-stelsel met stene wat individueel gevorm word, by Mosselbaai te begin, was sy laatste projek waaraan hy gewerk het, ’n eenvoudige omsetter wat water deur ’n basiese, maar gekontroleerde, proses weer in die twee basiese elemente van suurstof en waterstof, kan omskep. Vergesog? – Dalk nie.

Hannes word oorleef deur sy twee kinders met hul gesinne, Johan en Mell Coetzee en Corlia en Deon von Czapiewski en hulle dogtertjie Aneska, asook sy twee broers, Frans wat saam met sy gesin in Amerika woonagtig is en Pieter (Kwêvoël) wat steeds op Thabazimbi woon.

**Artikel krediet aan Pieter Coetzee**



# *In Herinnering*

## Fransie Erasmus

### *Gebore 15 April 1940 – Oorlede 1 Mei 2019*



Fransie is in Barkley Oos gebore en daar groot geword saam haar pa, ma, boetie en sussie. Hulle was net 3 kinders. Haar boetie en suster is lank voor Fransie oorlede.

Fransie het vir jare by die poskantoor gewerk, eers in Warmbad en daarna verhuis na Thabazimbi toe.

Nadat sy haar eggenoot Piet Erasmus in Warmbad ontmoet het.

Fransie het 3 seuns Pieter, Fanie en Jaco. Twee kleinkinders Pieter en Marina. Sy het ook 1 agterkleinkind Janru en dan is daar nog ‘n agterkleinkind oppad.

Fransie het ‘n vol lewe gehad, sy het elke dag tot haar laaste gelewe.

My ouma was ‘n besonderse mens, sy het altyd gelag. Sy het die mooiste hart gehad , daar is niemand wat so mooi mens was nie.

Toe ek ‘n jong dogtertjie was het ons altyd na skool by ouma en oupa gaan kuier, my gunsteling wat sy gemaak het was pap, eiers en biltong met geel aromat. Ek onthou altyd dit so goed. Ekt ook na oupa se dood baie kere alleen by ouma gaan slaap, dan het ons altyd ‘n klein glasie Amarula gedrink. Daar is so baie memories wat ek kan onthou saam met haar. Dit was so swaar toe ons haar moes groet verewig.

Sy was ‘n borrelende mens, almal was baie lief vir haar. Sy het baie mense se lewe geraak.

My 2 jarige seuntjie sal nou nog vir my vra Mamma wanneer gaan kuier ons vir ouma Fransie, en dat hy haar so mis en vir haar lief is.

My ouma was lief vir haar glasie wyn so nou en dan. Sy het ook ‘n klompie vriendinne gehad wat vir haar baie beteken het.

My ouma het ‘n goeie lewe gehad. Ons mis haar ongelooflik baie

Maar nou is sy ons engel wat afkyk op ons.

***Marina Jansen (Erasmus)***



## Diakonie

As gelowiges is ons een in Christus en bewys ons onderlinge liefde aan mekaar. Dit is met dankbaarheid aan God en die liefde wat Hy aan ons betoon, wat ons mekaar moet ondersteun en bystaan.

Wanneer gelowiges in die geloofsgemeenskap ‘n liefdesdaad of diens aan sy medemens betoon, nie net omdat dit ‘n Goddelike opdrag is nie maar, die begeerte wat deur God in ons harte geplaas het, betoon ons barmhartigheid aan mekaar, en bou ons die liggaam van Christus. Dit is as te ware die roeping van die Diakonie, asook van elke lidmaat in die gemeente.

Dit is met groot dankbaarheid aan ons hemelse Vader, dat die Diakonie, deur die liefdegawes wat uit die gemeente kom, in staat is om medegelowiges te kan bystaan en sal voort gaan om ons medegelowiges te ondersteun, daadwerklike liefde teenoor ons medegelowiges en alle mense te bewys en deur elkeen te besoek, sorg te dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.

Afgesien van finansiële hulp, is daar ook hulp verleen deur die Kerstyd, aan behoeftiges deur die uitdeel van nie bederfbare kos wat ingesamel is vanuit die gemeente deur die susters.

Hier volgens ‘n kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 Mei 2019 tot 30 Julie 2019

| | | |
|---|---|---|
| Liefdegawes ontvangs | - | R 57042.97 |
| Hulp verleen | - | R 46,062.50 |
| Vaste uitgawes (deurlopende hulp) | - | R 39,062.50 |
| Tjekrekening saldo 21/08/2019 | - | R 76,565.96 |

Ten slotte - enige geldelike bydra tot die Diakonie se fondse gaan ‘n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

**Absa Thabazimbi**


**Tjekrekening**

**Rekeningnr. 1580 280 001**

**Takkode 33-43-46**



# Feesvieringe



# Hasie en Skilpad

Deur Annetjie Potgieter

Liewe kinders

Uit die storie van Hasie en Skilpad, leer ons mooi lewenslesse. Dit leer ons om aan te hou en uit te hou. Selfs al wil jy langs die pad ophou of uitsak, weet jy dat aanhouer wen! Grootpraterigheid kan jou in groot moeilikheid laat beland! Wees stil en nederig, agteros kom ook in die kraal! So kry die wat aanhou hul beloning. Ons hemelse beloning is die Ewige lewe





Die Haas en die Skilpad

Haas en Skilpad het, nie ver van mekaar nie, in dieselfde bos gewoon. Haas was 'n haastige outjie. Hy het vinnig gepraat, vinnig geëet en was heeldag besig om vinnig deur die bos te hop.
Skilpad was 'n stadige outjie. Hy het stadig gepraat, nog stadiger geëet en dae lank gevat om deur die bos te stap.
Op 'n dag hop haas in die pad af. Hy is op pad na Boer se wortelland. Wat hy nie weet nie, is dat skilpad besig is om voetjie vir voetjie om die volgende draai aan te skuifel. Skilpad het ook gehoor van Boer se lekker wortels en is op pad om te gaan proe.
Haas kom so vinnig om die draai dat hy Skilpad glad nie sien nie en bo-oor hom val. Skilpad skuif 'n ent oor die klippe en beland op sy rug.
"Domkop!" raas Haas. "Jy is 'n regte ou trapsuutjies. Heeldag aan die stap sonder om ooit êrens uit te kom."
"Noem jy my miskien dom?" vra skilpad geduldig. "Iemand wat stadig praat, stadig eet én stadig stap, moet seker ook stadig dink," verduidelik Haas parmantig.
"O sooooo," sê Skilpad. "Jy dink omdat jy vinnig praat, vinnig eet én vinnig hardloop, kan jy ook vinnig dink?" vra Skilpad terwyl hy steeds op sy rug lê."
"Natuurlik, domkop!" lag Haas.
"Draai my om, sodat ons kan resies hardloop," sê Skilpad.
Haas rol in die pad soos hy lag.
"Ons hardloop van hier af tot by die hek van boer se wortelland. Die een wat wen is die slimste," sê Skilpad.
Dit neem hom 'n tydjie om 'n streep te trek waar hulle kan wegspring. Skilpad sê stadig: "Op julle merke... gereed... GAAN!"
Haas spring in 'n stofwolk weg en hardloop totdat hy Skilpad nie meer kan sien nie. Skilpad steur hom nie daaraan nie en stap voetjie vir voetjie verder.
'n Ent van Boer se wortelland af gaan Haas staan om te kyk wanneer Skilpad aankom. Hy wag en hy wag en hy wag, maar Skilpad is nêrens nie. Hy gaan sit toe teen 'n boomstam, maak sy oë toe en besluit om 'n rukkie te rus. Nie lank nie, toe snork Haas soos hy slaap. Intussen skuifel Skilpad geduldig aan.
Van ver af kan hy sien hoe lekker Haas onder die boom sit en slaap.
"Hie-hie-hie, vandag gaan ons sien wie die slimste is," lag Skilpad en sluip versigtig op sy tone verby. Net voordat Skilpad by die wortelland se hek kom, skrik Haas wakker.
"Wag! Skilpad! Wag!" roep hy benoud en hardloop so al wat hy kan. Skilpad kyk nie eers om nie en stap die laaste paar treetjies tot by die hek. Haas kom soos 'n warrelwind verby, maar dis te laat. Skilpad het reeds gewen. "En toe ou Haas," lag Skilpad. "Stem jy saam?" Stadig maar seker wen ook die beker!"
Van daardie dag af het almal in die bos geweet: Vinnig praat, vinnig eet en vinnig hardloop, beteken nie dat jy vinnig dink nie.

# Alle Grappies op ’n stokkie




Wat noem jy 'n deurskynende hasie? Spasie!
Wat noem jy 'n hasie in 'n pyp? Blokhasie
Hasie in die tuimeldroër? Spinhasie
Wat noem jy 'n hasie ini hospitaal? Operasie!
'n Hasie ini Spur? Inspirasie!
Wat noem mens 'n hasie met GPS? Navigasie
Wat noem mens 'n rugby hasie? Paashasie
'n Hasie wat uitasem is? 'n Blasie
'n Hasie met styl? 'n Classy
'n Hasie wat mond-tot-mond asemhaling toepas? Oksidasie
'n Walt Disney Hasie? Animasie
'n Vuvuzela Hasie? Gerasie
'n Klomp hasies? 'n nasie
Wat noem 'n mens 'n hasie op 'n telefoon? Kommunikasie
Wat noem mens 'n deurskynende hasie? 'n Glasie!!!!
Wat is 'n geel hasie? 'n Kasie!!!!
Wat noem 'n mens 'n hasie wat preek? 'n Kanselasie!!!!
Wat noem jy 'n ryk hasie? Inflasie!!
'n Hasie wat boer? Plasie...
Wat noem mens 'n siek hasie? Inflamasie
Wat noem jy 'n hasie wat oorsee gaan?.... Immigrasie

Iemand wat heeltyd hasie grappies vertel? Irritasie



# Vier die oorwinning



**Skilpad kuns uit ’n waterlemoen**

# Haas uit die hoed!

Ingestuur deur Bernadine Nel

## (Haaspastei)

**Bestanddele**

Koop of vang 'n haas.
Slag hom en sny in stukke.
1 ui, gekap
1 eetl botter
1 eetl olie
1 k witwyn
1 eetl worcestorsous
¼ k asyn
sout en peper
4 naeltjies
½ teelepel neutmuskaat
½ teelepel vars gemmer
knoffelsout
Skilferkorsdeeg

**Sous:**
150ml botter
pakkie sampioene
¼ koppie room





**Metode**
Braai ui saam met haasstukke in botter en olie, tot amper bruin.
Voeg die res by, behalwe die deeg.
Prut stadig totdat vleis van die bene loskom.
Verwyder beentjies.
Maak die vleis fyn.
Skep in 'n vuurvaste glasbak.

**Sous:**
Kook alles saam.
Bedek die haasmengsel met die sous.
Rol die skilferkors uit, bedek die mengsel.
Bak in oond teen 180grade vir 40 minute tot deeg gaar is.




Lente-HOOP: A picnic with Purpose.
`n Heerlike oggend van piekniek kuier en inspirasie, saam met gasspreekster: Yolande Korkie.
Kruiskrag Gimnastieksaal, Thabazimbi
Datum: 05 Oktober '19
Tyd: 8:30 vir 9:00
Kaartjies: R120 pp
Kontak: Ane Esterhuizen: 084 207 7207